"Vanuit Kobus en Marti Gerber se aftreehuis op Wakkerstroom het hy hierdie goed deurdagte getuienis aangestuur:

BADSELOOP – `N OASE VAN VELE EMOSIES

As jy deur die driffie by Badseloop gegaan het, kan jy op geen manier net 'feite' of 'feitelike' herinneringe neerpen nie. Badseloop is, ten minste vir my en so baie wat ek ken, meer as dit: Die plek is `n eksistensiële lewenservaring, `n lewensoase van vele emosies.

In my reis met Badseloop, as kampeerder en jeugorganiseerder en gemeentedominee, staan ten minste die volgende uit:

OM JOU IN DIE LEWENDE HERE JESUS VAS TE LOOP …

Die tradisie van die gemeente Villieria was destyds dat Paasnaweek ook belydenisklaskamp was. En so was dit ook dat ek my in my matriekjaar, 1968, met baie weerstand in my hart, my op Badseloop bevind – net om my op die Saterdag in die bosamfi in die liefde van die lewende Here Jesus vas te loop, wat my hele lewenskoers verander het. Dit was geen emosioneel-gedrewe dag nie: Dit was net Hy wat my voorgekeer het op grond van sy beloftes by my doop. Jare daarna het ek die voorreg as dominee gehad om by Skoolverlaterskampe (en ander) getuie te wees hoe die Gees van die Here op daardie stukkie bosveldoase werk. Die talle klipstapelings in die koppies rondom die kampterrein getuig daarvan.

OM DIE VAN ZYLS TE KON KEN …

Dit is een ding om van oom Vick en tannie Vicky te hoor. Dit was iets anders om hulle te kon ontmoet, en leer ken, en `n pad ten bate van Badseloop met hulle te kon stap. Dit is een ding om te lees van hoe hulle besluit het om die terrein te skenk. Dit was iets anders om die verhaal uit hulle mond te hoor. Hierdie besondere egpaar en gesin is ook deur baie diep en donker seer met soveel stukkend wat hulle lewenspaaie gekruis het – te veel om te lys – net om altyd te weet die Here wat op Badseloop werk, is die Here wat in ons werk en ons vashou in sy oneindige en onverstaanbare liefde.

OM DIE UITDAGINGS TEN OPSIGTE VAN BADSELOOP TE KON DEURLEEF …

Badseloop en die kerk se pad was nie altyd een van maanskyn en rose nie. Daar was tye dat die vraag gevra was of dit alles die moeite werd was … In die verwikkeldheid van die skenking van die terrein as klein gedeelte van die oorspronklike plaas en die unieke warmwaterbron, en die belange en verwagtinge en emosies van familie en kerk en aanspraakmakers en ontwikkelaars en moedswilliges en regsprosesse, is verhoudinge en deursettingsvermoë om die terrein te behou tot die uiterste toe getoets. In my dae as predikant in sinodale diens vir die Noordelike Sinode was dit soveel

kere deel van die verantwoordelikhede op my tafel. Dit was emosioneel uitmergelend. Die Here het op sy eie manier deur die jare die geloofsdaad van Vick en Vicky van Zyl bevestig, en Badseloop steeds op sy eie manier sy unieke rol laat vervul.

OM BADSELOOP SE OPSIGTERS EN WERKERS IN HERINNERING TE ROEP ...

Die terrein sou nie oorleef het as dit nie was vir mense wat gesorg het nie: vrywilligers, lidmate van die gemeente Naboomspruit en uiteraard die werkers wat op die terrein gewoon en gesorg het. Een unieke mens wat Badseloop vir jare met sorg opgepas het, terwyl hy sy eie uitdagings met sy unieke menswees gebied het, was Thomas. Sy uniekheid het in sy bekkigheid en skerp sêgoed gelê. Een daarvan was sy antwoord op die vraag hoe dit gaan: 'Tussen die boom.' As mens hom dan reghelp, en sê dit is eintlik 'tussen die boom en die bas', dan was sy skerp antwoord: 'Dit kan nie daar met jou gaan nie ... daar is nie plek tussen die boom en die bas nie.' Nogal iets om oor te dink! Natuurlik is daar ook `n skare dominees en lidmate, oud en jonk, wat deur die jare op besondere maniere by Badseloop betrokke geraak het – diep, diep emosioneel betrokke geraak het by die oase. Ek kan so baie gesigte oproep en hul opgewondenheid oor Badseloop sien. Selfs nou die ander dag op straat in die kleine dorpie waar ons nou woon!

OM DIE SKOOLVERLATERSKAMPE TE KON BELEEF ...

Busse kom aan. Meer as 300 matrieks klim af en staan onseker en beteuterd rond, en baie wil nie eintlik daar wees nie ... Busse staan reg om te vertrek. Meer as 300 matrieks, met glans in hulle oë van `n nuwe lewensperspektief, is hartseer om van die oase van die Here weg te gaan, en sing vir mekaar en die personeel wat agterbly: 'Bly mooi ... loop mooi...' Badseloop was een van die unieke sentra waar die Skoolverlaterskampe deur die dekades duisende lewens verander het, lewenslange vriendskappe tot stand laat kom het, leiers gevorm het – en tot talle mooi huwelike gelei het. Die hiernamaals sal waarskynlik die heel beste getuie wees van hierdie werk. My eie getuienis en belewenisse kan nie regtig in woorde saamgevat word nie: Die beste wat ek op en oor Badseloop kan doen, is om met dankbaarheidstrane te sing: 'O, Heer my God, as ek in eerbied wonder ...'

OM DIE NAAM BADSELOOP TE SIEN ...

Vreemd hoe dié een plek, oneindig meer as talle ander wat my geraak het, `n wêreld van God se seëninge, van lag en huil, van oneindige dankbaarheid in `n oogwink voor jou neersit as jy die naam Badseloop sien! Badseloop, so glo ek, het en sal niemand ooit onaangeraak laat nie. Ek het dikwels voor die driffie stilgehou en eers my skoene soos Moses van ouds uitgetrek ..."

BRON: Knipe, WJvG. 2020. "Geestelike getuienisse" in "Badseloop Gedenkblad - 'n Offer aan God", p. 251-252.